Laerskool Horison
WEES DOELGERIG
Weaverstraat, Horison, 1724
Tel: (011) 763 5617/8
PostNet Suite #78, Private Bag X1
Florida Hills, 1716
hoof@horison.co.za
www.horison.co.za

# OMSENDBRIEF 02 van 2026

***"Sit jou glimlag langs myne"***

**Bedankings:**
Al ons briewe word geborg deur **PNA** –
Flora Sentrum (011-672-4582), Horison (011-766-3366)
**Help 24**: dankie dat julle ons, by ons skool, veilig hou!
***Cool ideas***: *fibre internet*

***Hyundai Weltevreden Park:***
*Skenking van 9 sitplek bussie*

2026-01-27

Geagte ouers

Baie dankie aan alle ouers wat ons akademiese inligtingsaande bygewoon het.

Ons het verlede week twee van ons 3 noodplanne geoefen en hoop om binnekort die derde een te oefen. Ons hoop nie dit is nodig om enige een van hierdie planne te gebruik nie, maar ons moet voorbereid wees.

## ATLETIEK

Baie geluk aan al ons atlete wat Vrydag tydens ons tuisbyeenkoms deelgeneem het. Ons is trots op al ons atlete en hoop almal bly verbeter tot die interlaer en verdere byeenkomste. Dankie aan die Intersenfase leiers wat ons gehelp het tydens die byeenkoms.

Baie geluk aan elke kleuter wat Saterdag deelgeneem het aan die kleuter atletiek, elkeen van julle was 'n wenner. Baie dankie ook vir die mooi ondersteuning van ouers, grootouers, familie en vriende. Dankie aan die brawe ouers en grootouers wat gewys het hulle kan nog vinnig hardloop.

## KRIEKET

Baie geluk aan die volgende seuns wat opgeneem is in die JHB-Wes krieketspanne vir deelname aan 'n Saterdag liga:

0/9 Livan van Blerk en Nkosana Thabethe
0/10 Ruan Oosthuizen en Stian Beukes
0/11 Asher Daniels
0/13 Lihan Coetzee en Wihan van der Merwe

________________________
Mnr. G.F. van der Walt
Hoof

## AKADEMIE

Ouers neem kennis dat daar weer soos verlede jaar 'n paar ekstra handboeke in die klas gehou word vir leerlinge wat sukkel om hul tasse te dra of vir wie dit te swaar is. Daar is ook sluitkassies teen R150 beskikbaar – by me. Meintjes. Die geld word inbetaal by me. Friedrich.

## HULP MET AKKOMODASIES

As daar enige ouers/voogde is wat bereid is om die skool te kom help met lees en skryf vir leerders met toetse en eksamens, kontak asb. me Biggs by annab@horison.co.za.
Volledige opleiding sal aan u gegee word deur die distrik op 2 Febr. 2026 14:00-15:00 by LS Roodekrans.

## GRAAD 1 FOTOS

Eerste dag foto's vir Graad 1's**: Sluitingsdatums 30 Januarie 2026**. Status Studio aanvaar geen laat bestellings deur die skool nie. Daarna moet ouers by die fotograaf self bestel. U kind het 'n koevertjie van Status studio's ontvang met die verskillende pakkette. Die korrekte bedrag vir u bestelling moet in die koevert geplaas word en geseël word. Laerskool Horison hanteer glad nie die gelde nie en die koevert met u bestelling word direk aan die fotograaf oorhandig. Indien enige navrae skakel asseblief me. Nandi Friedrich 011 763 5617/8 of Status studio 011 664 6902.



## VOORLOPIGE TOETSROOSTER

**Voorlopige Toetsrooster Kwartaal 1 van 2026**

| Datum | Dag | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|---|---|
| 18/02/2026 | Woensdag | SW - Geografie | SW – Geografie | SW - Geografie | Projek – Geografie |
| 23/02/2026 | Maandag | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans |
| 26/02/2026 | Donderdag | Engels | Engels | Engels | Engels |
| 02/03/2026 | Maandag | NW/Teg | NW/Teg | NW/Teg | NW |
| 05/03/2026 | Donderdag | | | Zoeloe | EBW |
| 09/03/2026 | Maandag | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |
| 12/03/2026 | Donderdag | Projek – Geskiedenis | SW - Geskiedenis | SW - Geskiedenis | SW - Geskiedenis |

## KONTANTLOSE BETALINGS

Sticitt-armbandjies te koop op D6 of by me. Nandi Friedrich.

Indien u enige vrae het of verdere inligting benodig, kontak asseblief me. Nandi Friedrich by die skoolkantoor op (011) 763-5617/8 of via e-pos by info@horison.co.za.
Vir meer inligting gaan na: Sticitt

**STICITT ARMBANDJIES**
**R 99.00**

## GEMEENSKAPSRAAD

Die 8ste Februarie beman ons 'n waterpunt vir Roodepoort hardloopklub. Verdere inligting volg.

## KLEREBANKTYE (2de handse klere)

**Klerebanktye** is **Maandae en Woensdae: 07:30 – 10:00**. Kontak asseblief vir me. Sophia Gadney 072 510 9233. Die skool se klerebank verkoop die 2de handse klere.

## VERLORE HORIE HOEKIE




**HOE DIT WERK:**

1. Daar is op 'n daaglikse basis verlore items wat in die verlore klere houer langs die saal geplaas word.
2. Ons doen asseblief 'n beroep op u om te sorg dat u kinders se klere duidelik gemerk is, om dit te vergemaklik om verlore klere op te spoor.
3. Indien u kind se klere verlore geraak het, kan u aansluit by die volgende skakel:

   **https://chat.whatsapp.com/J8XevFinUXHGXUZcgNNyGF**

4. Een maal per week sal die verlore klerehouer leeggemaak, en al die inhoud nagegaan word.
5. Items wat duidelik gemerk is sal individueel op die Whatsapp-groep geplaas word met die eienaar se naam bv. 1X langmoutrui – Koos van Zyl.
6. Items wat nie gemerk is nie sal geplaas word as bv. 5X langmoutruie gevind.
7. Leerlinge kan hulle verlore items op **Maandae en Woensdae 07:30 – 10:00** by die **KLEREBANK** by me. **Sophia Gadney 072 510 9233** kom afhaal.
8. Enige item wat na een maand nie afgehaal is nie sal in die skool se **KLEREBANK** opgeneem word.

***ONTHOU ASSEBLIEF OM U KIND SE KLERE BAIE DUIDELIK TE MERK!!***

## HORI MODE HUIS KLEREWINKEL

Die klerewinkel is elke 1ste Saterdag vanaf 9:00 – 12:00 oop (slegs op afspraak). Ons gee net volgende reëlings deur rondom kommunikasie. Enige boodskappe of navrae word slegs tussen 14:00-17:00 weeksdae beantwoord.

HORI MODE HUIS
KLEREWINKEL

**Maandae & Woensdae:** 14:00 tot 17:00

**Vrydae:** 13:00 tot 14:00
Afsprake na 14:00

NATASHA - 076 337 8541

## JUNIORKOOR

Juniorkoor oefening Woensdae om 14:15 tot 15:10 in die saal. Skandeer die QR kode vir die Juniorkoor Whatsapp groep.
Koorkamp Vrydag 30 Jan. Ouers kan om 15:00 leerders se beddegoed en sakke kom aflaai.
15:30 Begin ons eerste oefensessie.
17:00 Ouerbraai
18:00 Vergadering
19:00 Fliek en slaaptyd

Saterdag, 31 Jan.
07:00 Ontbyt
07:30 Oefensessie
11:30 Oppak en afhaal

Alle koorkampgelde moet R250 reeds betaal het anders sal u kind nie die kamp kan bywoon nie.

## SENIORKOOR

Seniorkoor oefening Woensdae om 15:15 – 16:45 in die saal. Skandeer die QR kode vir die Seniorkoor Whatsapp groep.

## DENIMDAG

Geagte Horie Ouers:

Denimdag is 'n vergunning vir die leerders om op Vrydae 'n denim of Bokdrag i.p.v. hulle gewone skoolklere aan te trek. Die koste is R 2.00 per Vrydag.

Hierdie fondse word ingesamel vir die instandhouding van die badkamers van die skool.

Ondersteun asseblief hierdie projek en betaal u kind se fooie van R 2.00 per week of R 80.00 vir die jaar by die registeronderwyser of op d6 in. Byvoorbaat dankie vir u samewerking.

DENIMDAE: KWARTAAL 1 -4 = R80.00
R 80.00

## SKAAK

Skaak oefening Vrydae om 13:00 tot 14:00.




## REDENAARS

Die interne redenaarsuitdunne vind plaas op Woensdag, 11 Februarie. 'n Volledige skrywe en inskrywingsvorm was einde verlede jaar reeds op D6 geplaas. Leerders wat graag wil deelneem, moet hul toesprake by Juf. De Beer teen 30 Januarie inhandig vir kontrole. Inskrywingsvorms sal ook by Juf. De Beer beskikbaar wees. Inskrywings sluit Woensdag, 4 Februarie.

## NETBALKAMP 0/10 TOT 0/12

Ouers word herinner dat die netbalkampfooie betaalbaar is voor die einde van Februarie. Die inligtingbrief is op 25 November 2025 uitgestuur en bevat alle relevante inligting.

## VALENTYN SOKKIE

Die Valentyn sokkie is op Vrydag, 13 Februarie 2026, slegs vir graad 5-7 leerders.

Tema: "Love is in the air"
Toegang: R30 en ontvang 'n "glowstick"
Tyd: 17:30 – 19:25 (Leerders wat nie stiptelik om 19:30 kom haal word nie sal ongelukkig nie die volgende sokkie mag bywoon nie.)

Los asseblief selfone by die huis.

Daar sal pizza, lekkers, water en koeldrank by die snoepie te koop wees. Bring asb. 'n geldjie saam en kom ondersteun die snoepie.

## VALENTYNSDAG PIEKNIEK

Op Vrydag, 13 Februarie 2026 sal daar 'n Valentynsdag piekniek vir die leerders (Graad RRR tot 7) wees.

Leerders kan hul piekniekmandjie en kombers bring en pouse op die rugbyveld piekniek hou.

Betaal R5 by jou voogonderwyser en dan kan leerders gewone klere aantrek. (Rooi, pienk, wit)

## KWARTAALPROGRAM 2026

| | | |
|---|---|---|
| **Januarie** | 29 | Babelbekkies (Junior redenaars) |
| | 30 | Atletiek byeenkoms teen LS Krugersdorp-Noord (weg) |
| | 30-31 | Juniorkoor kamp |
| **Februarie** | 2 | R/O begin |
| | 4 | Atletiek byeenkoms teen LS Louw Geldenhuys (weg) |
| | 6 | Skaak interhuis |
| | **9** | **Atletiek Cluster B (Interlaer) by Ruimsig stadion (datum verandering vandag ontvang)** |
| | 11 | Interne redenaars (Gr. 1-7) |
| | 13 | Valentyn sokkie |
| | 16 | Atletiek Roodepoort Kampioenskappe by Ruimsig stadion |
| | 17 | Rugby inligtingaand |
| | 18 | Netbal inligtingaand |
| | 19 | Atletiek D12-kampioenskappe by Ruimsig stadion |
| | 20-21 | Rugby klinieke |
| | 25 | Beheerliggaam tussen-verkiesing |
| | 26 | Rugby en netbal vriendskaplike teen LS Millennium (weg) |
| **Maart** | 4 | Superreeks redenaars (tuis) |
| | 5 | Superreeks rugby en netbal groep wedstryde (tuis) |
| | 6-7 | 0/10 – 0/12 Netbal kamp |
| | 6-7 | Atletiek Gauteng kampioenskappe |
| | 10 | Rugby en netbal vriendskaplik teen Weltevredenpark Primary (weg) |
| | 12 | R/O eindig |
| | 13 | Skaak Stryd van Reuse |
| | 13-15 | 0/9 en 0/10 Rugbytoer – Zwartkloof |
| | 19-21 | Atletiek SA-kampioenskappe in Wes Kaap |
| | 20 | Superreeks skaak |
| | 20 | Kaskardag |
| | 21 | Superreeks rugby en netbal finale |
| | 25 | Mini-netbal en Tau-rugby (tuis) |
| | 26 | Oueraand |
| | 26-28 | 0/13A en B Netbalkamp |
| | 27 | Skoolsluit om 12:00 |
| | 30 - 1 Apr. | 0/11 en Eerste rugbyspan toer na Jubaweni |

https://foodsockfrenzy.co.za/




# 'N BROODJIE. 'N SPAN. 'N TOEKOMS.




**Geen kind moet met 'n honger magie leer nie.**

Vat 5 Maats is 'n broodjie-projek wat uit ons ouers se harte gebore is – gedra deur vrywilligers, gebou op saamstaan, en gevoed deur liefde.

Elke dag sorg ons saam dat 35–38 kinders by ons skool 'n voedsame middagmaal kry. Nie omdat hulle vra nie – maar omdat ons omgee.
Ons werk op 'n roterende basis:
Elke borg kry net 2 tot 3 beurte per kwartaal, om 'n broodjie vir pouses te voorsien. Dis klein moeite… maar maak 'n reuse verskil.

Maandae tot Donderdae: Geen lekkers of koeldrank nie.
Vrydae: 'n Klein bederfie is welkom (maar nooit verpligtend nie).

**Ons het hulp nodig. Ons het jou nodig.**
Ons kort hande wat saam met ons wil dien, harte wat wil gee, en ouers wat saam met ons wil seker maak

As jy kan help – met tyd, met 'n broodjie, met 'n beurt, of net met bereidwilligheid – sluit asseblief aan by Vat 5 Maats.
Saam kan ons help om te verseker dat geen kind met 'n leë maag leer nie.

**BLANCHÉ: 083 298 4481 OF ANNEMARIE: 082 486 9100**

# SNOEPIE SPYSKAART

**HIERDIE SPYSKAART IS NIE BESKIKBAAR GEDURENDE FUNKSIES NIE - KYK ASB NA DIE FUNKSIE SPYSKAART**

**THIS MENU IS NOT AVAILABLE DURING FUNCTIONS - PLEASE HAVE A LOOK AT OUR FUNCTION MENU**

| | | |
|---|---|---|
| CHIPPIES | S | R10 |
| | M | R18 |
| | L | R23 |
| WARMBRAK (HOTDOG) | - | R20 |
| KAAS WARMBRAK(HOTDOG) | - | R22 |
| MINI TRAMEZZINI | - | R25 |
| CHIP ROLL | - | R17 |
| HOENDERSLAAI | - | R30 |
| 2-MINUTE NOODLES | - | R12 |

**TOAST BROODJIES:**

| | | |
|---|---|---|
| KAAS | - | R18 |
| KAAS & TAMATIE | - | R20 |
| HAM & KAAS | - | R23 |
| HAM, KAAS & TAMATIE | - | R25 |
| HOENDER MAYO | - | R25 |

**BOU 'N ROLLETJIE (VARS ROLL)** -
HAM/KAAS/TAMATIE/BLAARSLAAI/
HOENDER MAYO

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG** | NUGGETS & CHIPS R35 | KAAS WORSIE & CHIPS R35 |
| **DINSDAG** | HOENDER WRAP: VOL - R38; ½ - R19 | TRAMEZZINI: HOENDER MAYO VOL - R40; ½ - R20 |
| **WOENSDAG** | HAMBURGER - R35<br>HOENDER BURGER - R30<br>KAAS BURGER - R36<br>RIB BURGER - R32 | |
| **DONDERDAG** | GROOT PASTEIE (PIE): R25 | MINI PASTEIE (PIE): R11 |
| **VRYDAG** | OOP SPYSKAART OF SPESIALE AANKONDIGING! | |

**PLAAS ASB JOU BESTELLING VROEG/VOOR SKOOL**

Jesus my

## Benodig u

# Partytjie pakkies

## vir u Horie se verjaarsdag?

**STAP 1:** **Kies die inhoud:**

**1) 1 x Klein Foxi Nax/Oozies**
**1 x Eye Ball**
**2 x 50c Sweets**
**3 x Choc Paste**
**1 x Suigstokkie**
**R10 pp**

**2) 1 x Klein Foxi Nax/Oozies**
**1 x Eye Ball**
**2 x Fizzers**
**2 x Choc Paste**
**1 x Suigstokkie**
**R12 pp**

**3) 1 x Klein Foxi Nax/Oozies**
**1 x Eye Ball**
**2 x 50c Sweets**
**3 x Choc Paste**
**1 x Suigstokkie**
**1 x Zoom koeldrank**
**R16 pp**

**4) 1 x Fritos**
**1 x Klein Sjokolade**
**1 x Choc Paste**
**1 x Suigstokkie**
**1 x Zoom koeldrank**
**R20 pp**

**STAP 2:** **Bring vir ons sakkies of gee vir ons 'n tema/kleur en ons voorsien die sakkies (teen 'n ekstra koste)**

**STAP 3:** **Sit terug terwyl ons die pakkies pak en na u kind se klas neem op die dag van hul verjaarsdag**

**Gerda:**
**071 265 9651**

Jesus my Laerskool Horison Snoepie

WEES DOELGERIG

# HYUNDAI

## Weltevreden Park

Cnr Kweper & Hendrik Potgieter Str

Tel: (010) 823 6857



### GRAND i10

From

**R3 199 pm***

NO DEPOSIT

| | YEAR 1 | YEAR 2 | YEAR 3 | YEAR 4 - 8 |
|---|---|---|---|---|
| 1.0 MOTION M/T R224 900 | R 3 199 | R 3 399 | R 3 699 | R 3 899 |
| 1.2 PREMIUM A/T R269 900 | R 3 799 | R 4 099 | R 4 399 | R 4 699 |

*T's & C's Apply



### i20

From

**R4 399 pm***

NO DEPOSIT

| | YEAR 1 | YEAR 2 | YEAR 3 | YEAR 4 - 8 |
|---|---|---|---|---|
| 1.2 PREMIUM M/T R309 900 | R 4 299 | R 4 699 | R 4 999 | R 5 399 |
| 1.4 PREMIUM A/T R329 900 | R 4 599 | R 4 999 | R 5 399 | R 5 799 |
| 1.0 N-LINE DCT R467 900 | R 6 499 | R 6 999 | R 7 499 | R 7 999 |

*T's & C's Apply




## THE ALL NEW

# EXTER

From

**R3 699 pm***

NO DEPOSIT

| | YEAR 1 | YEAR 2 | YEAR 3 | YEAR 4 - 8 |
|---|---|---|---|---|
| 1.2 PREMIUM M/T R269 900 | R 3 699 | R 3 999 | R 4 399 | R 4 699 |
| 1.2 PREMIUM A/T R294 900 | R 4 099 | R 4 499 | R 4 799 | R 5 099 |
| 1.2 EXECUTIVE M/T R289 900 | R 4 049 | R 4 349 | R 4 699 | R 5 049 |
| 1.2 EXECUTIVE A/T R314 900 | R 4 399 | R 4 699 | R 5 099 | R 5 499 |
| 1.2 ELITE A/T R334 900 | R 4 699 | R 5 099 | R 5 499 | R 5 799 |

*T's & C's Apply

TEAM WELTIES

SPRINGBOKS HYUNDAI

PROUD PARTNER


INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:
coolideas
FIBRE INTERNET
ONS SKOOL HET
SUPER
VINNIGE
INTERNET!